Sisi maak nuwe maats



Sisi klim in die bakkie in. Die bakkie is swaar gelaai. Hulle verhuis nou na 'n ander huis, in 'n ander dorp. Sisi sal ook na 'n ander skool toe moet gaan.

"Dink Mamma ek sal nuwe maats maak?" vra Sisi haar ma.

"Ek is seker jy sal!" antwoord haar ma.





GRD 123

Dit is Sisi se eerste dag by die nuwe skool. Sy is bang dat sy met niemand maats sal maak nie.

"Ek ken niemand nie," dink sy. "Hoe kan ek iemand vra om my maat te wees?"

Sy waai vir haar ma. "Tatta Mamma!"

"Ek hoop ek maak vinnig nuwe maats in my nuwe skool," dink Sisi, terwyl sy verder stap.



Sisi stap na haar nuwe Graad 2-klaskamer. Sy voel baie bang en haar hart bons in haar keel.

Sy het nuwe skoolklere aan en daar is nuwe boeke in haar skooltas. Sy het ook 'n nuwe onderwyser! Sy sit by 'n nuwe skoolbank, langs 'n seun met die naam Jan.

"Ek wonder of ek en Jan maats gaan wees," dink Sisi.



Die klok lui tienuur vir pouse, en Jan draf om te gaan speel. Hy het reeds maats.

Arme Sisi staan en kyk hoe die ander kinders speel. Sy wil graag saamspeel, maar sy is te skaam om te vra.

"Ek wens ek kon saamspeel," dink sy.

Almal speel so lekker, hulle sien nie eens Sisi staan alleen nie.

"Ek voel so alleen," dink sy hartseer.

Ek wens ek kon saamspeel.



Die volgende dag sien Sisi vir Mandu alleen sit. Mandu lyk baie hartseer.

Mandu voel hartseer omdat sy haar kosblik by die huis vergeet het. Sy voel baie honger. Sy sit en kyk hoe Christo en Jabu hulle kos eet.

"Ek wens ek het iets gehad om te eet," sê Mandu saggies vir haarself.



Sisi sien dat Mandu niks het om te eet nie.

"Het jy jou kos by die huis vergeet, Mandu?" vra sy.

"Ja, ek het," antwoord Mandu, "en ek voel baie honger!"

"Moenie bekommerd wees nie, Mandu," antwoord Sisi. "Ek sal my kos met jou deel."



Sisi deel toe haar kos met Mandu.

"Hierdie broodjies is lekker!" sê Mandu. "Dankie, Sisi, dat jy jou kos met my deel en dat jy omgee."

Sisi het 'n nuwe maat!




Ben die hond is baie opgewonde omdat Sisi 'n nuwe maat het. Hy blaf en waai sy stert.

"Woef, woef, woef!" blaf hy.

Die kinders kom kyk waarom Ben so blaf.

"Haai, Sisi!" roep hulle, "kom speel saam met ons!"



Gou het Sisi baie maats.

Sy geniet dit om na haar nuwe skool toe te gaan. Sy speel lekker saam met haar nuwe maats. Sy weet nou dat dit nie so moeilik is om na 'n nuwe skool toe te gaan nie.

Dit is maklik om maats te maak indien jy vriendelik en gaaf is!



bl



Hoe om maats te maak







Partykeer lyk dit moeilik om nuwe maats te maak. Wat moet jy doen?





- Neem die eerste stap. Stel jouself voor aan ander.

- Neem ná skool aan sport en ander aktiwiteite deel.







Versorg jouself elke dag.











Onthou nuwe maats se name.

Wees vriendelik en gaaf.

Wees vrygewig.



Wanneer jy 'n nuwe maat het, wees eerlik en betroubaar. Toon respek teenoor jou maat.





Groepleesaktiwiteite



1 Kyk na die prente.
Sê vir jou maat wat in elke prent gebeur.
Sê vir mekaar watter prent eerste, tweede en derde moet wees.
Gebruik die prente om die storie aan jou maat oor te vertel.









2 Plaas die volgende sinne in die korrekte volgorde en lees dit dan hardop vir jou maat.

a.	Sy waai vir haar ma totsiens.
b.	Sisi deel haar kos met Mandu.
c.	Sisi sit by Jan.
d.	Mandu is baie honger.
e.	Vandag verhuis Sisi na 'n nuwe dorp toe.



3 Voer 'n rolspel oor die storie op.



4 Voltooi hierdie aktiwiteit in jou klaswerkboek.

a. Skryf twee woorde uit die storie neer wat rym met die volgende woorde:

daar	naam	deel	vergeet

b. Stel 'n lys saam van die name van die kinders in die storie deur kommas te gebruik. Skryf die lys in jou klaswerkboek.

c. Soek in die storie woorde met die volgende klanke en skryf hulle neer:

ui	oe	ou	ie

d. Soek twee sinne in die storie met die volgende leestekens en skryf dit in jou klaswerkboek:

. , ? !




5 Lees die volgende vrae en beantwoord dit saam met jou maat:

a. Wat is die titel van die storie?
b. Wie is die hoofkarakter in die storie?
c. Waarom het Sisi na 'n nuwe skool toe gegaan?
d. Wat bedoel ons wanneer ons sê dat Sisi se hart in haar keel gebons het?

e. Het jou hart al ooit in jou keel gebons? Indien wel, waarom?
f. Waarom dink jy Sisi was te skaam om die kinders te vra of sy saam met hulle kon speel?
g. Wat het Ben gedoen om Sisi te help?
h. Hoe weet ons dat Sisi en Mandu goeie maats was?
i. Wat maak iemand 'n goeie maat?
j. Kan jy aan 'n ander einde vir die storie dink?
k. Watter vraag wil jy jou onderwyser oor hierdie storie vra?



6 Teken die geheuekaart in jou klaswerkboek oor en vul dit dan in.





7 Skryf die storie in ongeveer vier tot ses sinne oor. Teken dan 'n prent wat by jou storie pas.